# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 247
13 Februarie 2026

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**



| | |
|---|---|
| **Redaksioneel:** | **Liefde en liefde** |
| **Berigte:** | **Bestuursvergadering** |
| | **Predikanteberaad** |
| | **Lewensbrood 2027** |
| **Kennisgewings** | |



## REDAKSIONEEL

### Liefde en liefde

So wyd soos die Heer se genade; gefundeer in dieselfde liefde waarmee skepping plaasgevind het, is die liefde as basis vir vele verhoudings, goed en sleg.
Binne die raamwerk van God se liefde is daar verskillende vorme van liefde. Vele vorme van liefde, vele vlakke van omgee. Die liefde vir ‘n troeteldier en die liefde van ‘n ma vir ‘n kind kan op die oppervlak dieselfde lyk, maar verskil ten diepste in aard en intensiteit. Op die keper beskou, skiet alle liefde tekort en kan nie in dieselfde asem as God se liefde genoem word nie. Tog kan ons nie die liefdesbande in menswees wegpraat nie.

Geen liefdesbande is vanselfsprekend nie, nie eens die liefde van ‘n ma vir haar baba nie, daar sal altyd uitsonderings wees. Die uitwerking op die geliefde is eweneens nie gewaarborg nie. In liefde en beskerming kan die uitsondering ook gevind word in vernietigende optrede. Vandag wil ons nie oor al die verskillende soorte liefde handel nie, ons gaan so op die drempel van Valentynsdag kyk na die romantiese liefde, die liefde tussen man en vrou.

Hierdie liefde was nie altyd ewe vanselfsprekend gewees nie. Isak en Rebekka het geleer om vir mekaar lief te wees. Jakob was lief vir Ragel lank voor die huwelik, maar moes eers met Lea trou. Ons weet nie of Jakob ooit lief was vir Lea nie, selfs al het hy by haar die meeste kinders verwek. Ons weet wel dat Jakob se twee geliefde seuns, Josef en Benjamin, sy kinders by sy geliefde Ragel was. Ons weet ook dat ons Heer en Heiland uit een van die kinders sou kom wat uit Lea (Juda) verwek is.

Ons sou graag elke liefdesverhaal wou eindig met “en hulle het lank en gelukkig gelewe”. Daar is baie tragiese liefdesverhale, en dit is juis hierdie verhale wat die verbeelding aangryp. Sommige van die verhale is fiksie, oor ander kan ons net wonder. Kom ons glimlag met ‘n traan....

Die bekendste verhaal is die van Romeo en Juliet wat verlief raak, in die geheim trou maar deur hulle twis-gedefinieerde families uitmekaar gehou word. Juliet drink iets wat dit laat lyk asof sy dood is in die hoop dat haar fop-dood sal maak dat hulle by mekaar kan wees. Romeo kom op haar af, kan nie sonder haar lewe nie, neem sy eie lewe, Juliet ontwaak, sien haar geliefde dood langs haar en volg sy voorbeeld. ‘n Tragiese Shakespeare verhaal wat rou nerwe raak in terme van die mens se ekstreme aksies wanneer liefde ter sprake kom.

In Emily Brontë se *Wuthering Heights* word die tragiese verhaal vertel van sosiale voorskrifte en eie-trots wat tot gevolg het dat Cathy en Heathcliff nie bymekaar kan wees nie. Sy trou eindelik met ‘n ander man en na haar dood wanneer sy geboorte skenk neem Heathcliff wraak deur sy woede uit te haal op sy en haar families. Liefde ingeperk het al tot woede, hartseer en vernietiging van baie mense gelei.

In die novelle, *Notre-Dame de Paris,* word vertel van liefdesintriges in Parys. Die verhaal speel af rondom die ingewikkelde verhoudings van die sestienjarige danser Esmeralda, Kaptein Phoebus de Chateaupers, die beiaardier van Notre Dame en die kardinaal Frollo. Esmeralda is verlief op Phoebus, Quasimodo en Frollo is verlief op Esmeralda en Phoebus wil net haar lyf gebruik. Frollo steek Phoebus met ‘n mes, Esmeralda word van poging tot moord aangekla en onder marteling erken sy dit. Sy word gehang. Die hartseer nadraai is dat daar jare later by die oopmaak van haar graf ‘n geraamte met ‘n boggel gevind word wat haar omhels . By aanraak verkrummel die hele geraamte tot stof. Liefde onbeantwoord lei tot tragiese gebeure.

Baie is bekend met die 1997 film *Titanic*. Jack van die arbeidersklas en Rose van die hoër (ryker) stand. Rose is verloof aan ‘n man vir wie sy nie lief is nie, sy is verveeld met haar beskermde en eentonige bestaan. Jack bied vir Rose ‘n alternatief wat nooit ten volle kan uitspeel nie omdat die Titanic sink. Jack kom om en Rose het ‘n lang en vol lewe word geleef in die diepe impak van haar kort tydjie saam met Jack. Selfs kortstondige liefde kan diep spore laat, ten goede of skadelik.

Hierdie verhale laat tog iets deurskemer van ware liefde. Die woorde “ten spyte van” beskryf baie van hierdie gebeure. Paulus herinner ons daaraan dat daar drie dinge is wat bly; geloof, hoop en liefde. Die grootste hiervan is die Liefde. God is liefde uit Homself, ten spyte van wie ons is. Kom ons geniet die dag as herinnering aan liefde, en veral die Liefde.

**Bestuursvergadering**

Die GHG Dagbestuur het op 6 Februarie 2026 vergader. Verskeie sake is bespreek en aanbevelings gemaak. Die Finale Notule van die Bondsvergadering is na terugvoer gefinaliseer en sal eersdaags aan gemeentes versend word.

**Predikanteberaad**

Soos u weet is dit weer tyd vir ons jaarlikse Predikanteberaad. Hierdie is ’n geleentheid vir die predikante in die Geloofsbond om saam om ’n tafel te sit en sake van belang met mekaar te bespreek.

Tydens hierdie jaar se geleentheid het die bestuur dit goed gedink om die onderlinge verhouding tussen ons as kollegas onder bespreking te neem. Daar sal gepoog word om ’n gesprek te fasiliteer waartydens predikante mekaar in die oë kan kyk (nie aanlyn nie) en rustig met mekaar kan kommunikeer.

Alle kerkrade word asseblief versoek om dit vir u leraar moontlik te maak om die gesprek by te woon.

Die volgende reëlings is van belang:
**PLEK**: Gemeente Meyerspark
**DATUM**: Donderdag 5 Maart 2026
**TYD**: Vanaf 09H00 tot 16H00

Bevestig asseblief u teenwoordigheid of afwesigheid voor of op Maandag 23 Februarie
2026 per epos by ds. Frans Marais frans.marais@geloofsbond.org.za

**Lewensbrood 2027**

Die beplanning vir volgende jaar se Lewensbrood is reeds op dreef. Predikante sal binnekort die versoek en werkindeling ontvang. Die redaksie bedank by voorbaat elke predikant vir onbaatsugtige werk in die skryf van die oordenkings. Gemeentes word dringend versoek en aangemoedig om nou reeds te begin met die bemarking van volgende jaar se uitgawe sodat genoeg bestellings ontvang kan word om die produk koste-effektief te druk en versend.

## KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com